higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede vraestel)
**NKR VLAK 3**

(4101053)

**5 Maart 2020 (Y-vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en vier addenda van 5 bladsye.**

261Q2S2005

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 100**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: VERSLAG | 50 |
| AFDELING B: VERGADERINGS | 30 |
| AFDELING C: FUNKSIONELE SKRYF | 20 |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Lees al die vraag aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word.

6. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy jou finale weergawe geskryf het.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

8. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

9. Die volgende vrae moet op die aangehegte ADDENDA beantwoord word. VRAAG 1 – ADDENDUM A; VRAAG 5 – ADDENDUM B; VRAAG 6 – ADDENDUM C en VRAAG 8 – ADDENDUM D. Maak seker dat jy jou EKSAMENNOMMER op die ADDENDA skryf en GEE dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

10. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

11. Beplan jou tyd.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED**

**AFDELING A: VERSLAG**

Kies EEN van die vrae uit AFDELING A en skryf 150–250 WOORDE daaroor.

**VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG**

**SITUASIE**

Die kollege waar jy studeer, is in die middel van die dorp geleë en die meeste studente gebruik openbare vervoer. Studente het al verskeie klagtes by die sekuriteitshoof ingedien oor die onveilige voetoorgang in hoofstraat voor die kollege.

Op 18 November 2019 om 16:00 het twee damestudente ná klas by die voetoorgang gewag om oor die besige straat na die vervoerarea te stap. Jy en jou vriend het aan die oorkant van die straat gewag om ook die voetoorgang oor te steek na die kampus toe. Die verkeerslig was groen vir voetgangers. Die twee damestudente het die voetoorgang oorgesteek en die volgende oomblik het 'n motor aangejaag gekom, oor die rooi lig gejaag en een van die damestudente raakgery. Die motor het nie gestop nie, maar aangery. Jy en jou vriend was ooggetuies van hierdie tref-en-trap-ongeluk.

Jy het die nommerplaat, kleur en model van die motor gememoriseer. Terwyl jou vriend die beseerde dame gaan help het, het jy die polisie se noodnommer geskakel en 'n ambulans ontbied. Die sekuriteitswagte by die hek het ook hulp aangebied en die verkeer beheer.

Die vriendin het die beseerde se ouers geskakel. Sy het ook by die ernstig beseerde gebly. Jy en jou vriend het volledig oor die ongeluk aan die polisie verslag gelewer.

Die paramedici het die student gestabiliseer en 'n helikopter ontbied om haar so vinnig moontlik na die naaste hospitaal te vervoer. Die beseerde het ernstige kop- en rugbeserings opgedoen. Geen verdere nuus oor die student is ontvang nie.

Die ongeluk moes ook aan die kollegeraad gerapporteer word. Die polisieman het jou gevra om 'n ongeluksverslag te voltooi wat aan alle betrokke partye oorhandig sal word.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM A (aangeheg) om die ongeluksverslag te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM A in te vul en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. Let op na die inligting wat op die vorm versoek word. Voltooi die verslag volledig. **[50]**

**ÓF**

## VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

**SITUASIE**

Die studenteraad het besluit studente moet in 2019 meer betrokke raak by die opknapping en instandhouding van die kampus. Die projek *Kom ons maak die kampus mooi* het 'n positiewe reaksie by die studente uitgelok. Die opknapping van die kampus moet op 18 Julie 2019 (Mandeladag) afgehandel wees waarna die kollegeraad en departementshoofde op 'n kampustoer geneem sal word.

Jy is gekies tot voorsitter van die beplanningskomitee vir hierdie kampustoer en moet gereeld aan die studenteraad terugvoer gee oor die vordering van die reëlings. Die studenteraadsvoorsitter sal as gasheer vir die toer optree.

Die uitnodigings aan die persone wat die toer gaan meemaak is nog nie gereed nie. Die pamflet waarin die proses, doel en uitkoms verduidelik word, is reeds goedgekeur. Dit word gedruk en sal oor 'n week gereed wees. Jy het toerleiers uit al die verskillende departemente gekry om groepe te vergesel en in te lig. Die plaaslike radiostasie en die kampuskoerant sal volledig verslag doen. Die spysenieringsafdeling het reeds 'n spyskaart vir die ligte middagete opgestel, maar die versnaperinge gaan eers op 17 Julie voorberei word.

Jy het reeds met die kampushoof gereël om die toer amptelik te open. Die tyd sal nog met die kampushoof se sekretaresse bevestig word en sy sal twee dae vroeër aan die tyd en plek herinner word. Alle betrokkenes het reeds hulle pligte vir die dag ontvang.

**OPDRAG**

Skryf 'n vorderingsverslag aan die kampushoof. Die volgende inligting moet ingesluit wees:

- Inleidende paragraaf oor die agtergrond van die kampustoer
- Doel van die vorderingsverslag
- VIER take wat reeds voltooi is
- TWEE take waarmee jy tans besig is en die mense wat daarby betrokke is
- VYF wat nog afgehandel moet word
- Slotparagraaf waarin jy jou vordering evalueer **[50]**

Onthou om die verslag van 'n gepaste opskrif te voorsien.

**ÓF**

**VRAAG 3: ONDERSOEKVERSLAG**

**SITUASIE**

Die kollegebestuur van Springs Kampus is bekommerd oor die studente se swak klasbywoning, laat indiening van take en die druipsyfer van vlak 3-studente.

Die studenteraad en kollegebestuur het besluit om gesamentlik ondersoek in te stel na die redes vir bogenoemde faktore. Die doel van die ondersoek is om probleemareas te identifiseer, beplanning en kommunikasie aan te pas, hulp te verleen en studente te motiveer om beter te presteer. Die kollegebestuur wil die verslag voor 30 Augustus 2019 hê.

As voorsitter van die studenteraad het jy persoonlike onderhoude met die dosente en studente gevoer, anonieme vraelyste met 'n keerdatum uitgedeel en statistieke ontleed. Onbetroubare vervoer, stakings, die tydperk vir afhandeling van take, krag-onderbrekings en gebrek aan voldoende hulpmiddele is as oorsake genoem. Dagstudente het dikwels nie voldoende fondse om by die kampus te kom nie en vervoerstakings dra by tot swak bywoning van klasse. Studente sukkel dikwels met kragonderbrekings en saans kan take dus nie betyds afgehandel word nie. Gebrek aan voldoende hulpmiddels dra ook by tot die druipsyfer onder studente, want nie alle bronne is beskikbaar nie.

Jy beveel aan dat 'n spesiale gratis kommunikasiekanaal geskep moet word waar studente persoonlike krisisse gouer met dosente kan deel. Meer geleenthede vir die afhandeling van take kan in formele onderrigtyd ingeruim word. Die dosente en studente moet beter kommunikeer en alle faktore moet in ag geneem word wanneer sperdatums vasgestel word. Uitgebreide geleenthede moet aan studente gegee word om resultate te verbeter.

Saamwerkgeleenthede en fasiliteite moet tot studente se beskikking wees, ook na-ure indien studente dit sou verkies. Groepleiers kan van groter hulp wees om sukkelende studente te help.

**OPDRAG**

Skryf 'n ondersoekverslag aan die kollegeraad waarin jy 'n oorsig gee oor die bevindinge wat jy gemaak het rakende vlak 3-studente se swak prestasie.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Gebruik die volgende opskrifte om jou verslag te voltooi:

- Opdrag
- Prosedures (noem TWEE)
- Bevindings gemaak (Noem VYF sake wat bydra tot die probleme)
- Gevolgtrekking
- Aanbevelings (Noem ten minste SES sake uit die ondersoek waaraan die kollegeraad aandag moet gee)

Hierdie is 'n formele verslag. Eindig die verslag deur die volgende inligting te verskaf:

- Handtekening van opsteller
- Naam van opsteller
- Posisie van opsteller
- Adres van opsteller
- Datum **[50]**

Voorsien die verslag van 'n gepaste opskrif.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

Kies EEN van die vrae uit AFDELING B en skryf 120–150 WOORDE daaroor.

**VRAAG 4: VERGADERINGS: KENNISGEWING EN AGENDA**

**4.1: KENNISGEWING**

**SITUASIE**

Die studente is ontevrede oor die eksamentoelatings aangesien sekere studente toelating geweier is op grond van punte wat onvolledig is en sekere punte wat verkeerdelik op die stelsel ingevoer is.

Na aanleiding van die klagtes van 'n groot groep ongelukkige studente het die akademiese hoof bevind dat daar 'n tegniese probleem met die kollege se rekenaarstelsel was en dat sekere punte nie ingesleutel is nie. Sekere punte is ook verkeerdelik ingevoer en uit verkeerde totale bereken. Hierdie tegniese probleem het gelei tot onvolledige puntestate, verkeerde punte op state en groot ongelukkigheid by studente omdat hulle nie eksamen mag skryf nie.

Beter kontrole, korrekte rekenaarstelsels en behoorlike kommunikasie sal geïmplementeer moet word sodat studente genoeg tyd het om appèl aan te teken, navrae te doen en bewyse van punte te verskaf. Dosente sal 'n kontrolestelsel moet hê om die korrektheid van studente se punte na te gaan. 'n Verbeterde, getoetste rekenaarstelsel moet geïmplementeer word.

Die akademiese hoof belê 'n spesiale vergadering met al die administratiewe personeel en departementshoofde waarop hierdie saak bespreek moet word.

Die vergadering sal op 10 Oktober 2019 om 07:00 in die raadsaal plaasvind.

**OPDRAG**
Votooi die onderstaande kennisgewing deur slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

**THEKWINI TVET KOLLEGE**

Mangalusistraat 771
Asherville
KwaZulu-Natal
3175

Tel: 031-7753042 Faks: 031-7753048 E-pos: tvet.thekwini@fetcolleges.co.za

(4.1) ...

Geagte (4.2) …

KENNISGEWING VAN (4.3) …

Neem asseblief kennis van die spesiale vergadering van die Thekwini TVET Kollege se administratiewe personeel en departementshoofde op (4.4) … om (4.5) … in die (4.6) … .

Die doel van die vergadering is (4.7) … . (14)

**ÉN**

**4.2: AGENDA**

**SITUASIE**
Soos verduidelik in VRAAG 4.

**OPDRAG**

Stel die agenda (60–75 woorde) van die vergadering op. Gebruik die formaat wat jy ken en skryf die agenda puntsgewys neer. (16)
**[30]**

**ÓF**

**VRAAG 5: NOTULE**

| **SITUASIE** |
|---|
| Die spesiale vergadering van die Thekwini TVET Kollege, Asherville het op 10 Oktober 2019 plaasgevind. |

**OPDRAG**

Skryf die notule van die vergadering op die aangehegte ADDENDUM B. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ADDENDUM in te vul en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

Gebruik die inligting in VRAAG 4 om die notule te skryf. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK**

Kies EEN van die vrae uit AFDELING C en skryf 80–100 WOORDE daaroor.

**VRAAG 6: E-POS**

| **SITUASIE** |
|---|
| Jy is een van die studente wat aandklasse bywoon. Dit voel nie veilig om die kampus ná klas te verlaat nie. Die sekuriteitswagte is nie oral op die kampus sigbaar nie en sekere areas is nie goed verlig nie. Veral die parkeerarea is saans pikdonker. Jy het die situasie met ander studente bespreek en het besluit om die sekuriteithoof oor die probleem in te lig.<br><br>Stuur 'n e-pos aan Die Sekuriteitshoof, Tshwane-Suid Kampus, Pretoria. Die e-posadres is sekuriteit@tshwanes.com.<br><br>Vra die volgende: meer sigbare sekuriteit na-ure; beter beligting, veral in die parkeer-area; verligte inligtingsborde met noodnommers en 'n inligtingspamflet oor sekuriteit en veiligheid vir na-uurse studente. Bevestig dat jy beskikbaar is indien verdere inligting vereis word. Noem dat jy die e-pos namens 'n groter groep studente stuur. |

Kopiereg voorbehou 

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM C (aangeheg) en skryf 'n e-pos aan die sekuriteitshoof van Tshwane-Suid Kollege om hom oor sekere veiligheidsprobleme in te lig. Gee ook voorstelle om die veiligheid op die terrein te verbeter. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ADDENDUM in te vul en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

Sluit af met 'n welwillendheidsgroet. **[20]**

**ÓF**

## VRAAG 7: TYDSKRIFADVERTENSIE

**SITUASIE**

Jou bestuur die portefeulje op die studenteraad wat verantwoordelik is om met die media te kommunikeer en funksies en aktiwiteite van belang te adverteer.

Julle het besluit om 'n entrepeneursweek vir hoërskoolleerders aan te bied waar die leerders hulle eie unieke tienerproduk moet bekendstel en verkoop. Die wins wat hulle maak, kan hulle hou. 'n Paneel van die kollege sal die wenner aanwys, wat 'n beurs van R50 000,00 kry om enige studierigting of kursus by die kollege te volg.

Jy ontwerp die advertensie wat julle graag in die tienerblad, *Hoezit*, wil plaas. Die entrepeneursweek vind van 10–15 Julie 2019 in die kollegesaal op die kampus plaas. Hierdie is ook 'n manier om die kollege op 'n positiewe manier te bemark

**OPDRAG**

Ontwerp die A4-advertensie om die hoërskoolleerders in julle omgewing uit te nooi en te oorreed om aan die entrepeneursweek deel te neem:

- ✓ Hou die ABBA-beginsel in gedagte wanneer jy die advertensie ontwerp.
- ✓ Verskaf ten minste TWEE inligtingsfeite oor die entrepeneursweek, byvoorbeeld waar, wanneer en hoe laat dit begin en wat dit behels.
- ✓ Gee minstens DRIE redes waarom dit 'n uitstekende geleentheid vir hoërskool-leerders is.
- ✓ Gebruik 'n gepaste slagspreuk.
- ✓ Moedig die leser met 'n kort sinnetjie aan om deel te neem.
- ✓ Onthou ook om volledige kontakbesonderhede te gee **[20]**

**ÓF**

**VRAAG 8: MEMORANDUM**

**SITUASIE**

Die kollegeraad ondersoek die moontlikheid om ten volle oor te skakel na elektroniese boeke en om nie meer handboeke te druk en te verkoop nie.

Die kollegeraad lig die akademiese personeel hieroor in en elke departement word gevra om kommentaar te lewer. Die voordele en nadele kan genoem word en die akademiese personeel moet veral kyk na die uitdagings in die verskillende kursusse.

Voorstelle moet binne twee weke skriftelik aan die kollegeraad voorgelê word. Akademiese personeel moet ook gesprekke met studente voer om hulle insette te kry. Die finale besluit sal teen die einde van Augustus 2019 aan die personeel en studente oorgedra word.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM D (aangeheg) en stel 'n memorandum op wat aan al die akademiese personeel van die kollege gestuur word waarin hulle gevra word vir voorstelle oor die oorskakeling na elektroniese boeke. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ADDENDUM in te vul en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 1: VERSLAG (150–250 woorde)**

| **ONGELUKSVERSLAG** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Naam van beseerde persoon** | | **Datum van ongeluk** | | (2) |
| **Ambag/Beroep van beseerde** | | **Tyd van ongeluk** | | (2) |
| **Afdeling** | | **Plek van ongeluk** | | (2) |
| **Beskrywing van ongeluk** | | | | (16) |
| **Taal en styl** | | | | (7) |

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM A (vervolg)**

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Stappe wat na die ongeluk geneem is** | | | | (11) |
| **Resultate van mediese ondersoek** | | | | (6) |
| **Naam van opsteller** | | **Pos/Rang/Amp van opsteller** | | (2) |
| **Handtekening van opsteller** | | **Datum** | | (2) |

**[50]**

**GEE DIE DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

**ADDENDUM B** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 5: NOTULE**

NOTULE ........................................................................................................................ (5)

1. **OPENING EN VERWELKOMING**

........................................................................................................................

2. **BYWONINGSREGISTER**

........................................................................................................................ (1)

3. **VERSKONINGS**

Die departementshoof Tale het verskoning aangeteken weens siekte.

4. **EKSAMENTOELATING**

| ITEM-NO | ITEM | AKSIE | VERANTWOORDELIKE PERSOON | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | **Studente se punte ontbreek op stelsel** | | Noem 3 persone | (8) |
| 4.2 | **Punte verkeerdelik ingevoer** | | Noem 2 persone | (8) |
| 4.3 | **Opgegradeerde rekenaar- en kontrole stelsel** | | Noem 2 persone | (6) |

5. **AFSLUITING** (1)

**GETEKEN:** ____________________ **DATUM:** ____________________ **[30]**

**GEE DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

**ADDENDUM C** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 6: E-POS**

| | |
|---|---|
| AAN: | |
| ONDERWERP: | |
| BOODSKAP: | |

**[20]**

**GEE DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

**ADDENDUM D** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 8: MEMORANDUM**

**MEMORANDUM**

**AAN:** ___________________________________ **DATUM** ________________

**VAN:** ______________________________________

**ONDERWERP:**

**[20]**

**GEE DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.**

Kopiereg voorbehou